Gedagte van die dag

Sluit altyd elke dag af met 'n positiewe gedagte. Maak nie saak hoe moeilik dit was nie môre is 'n nuwe geleentheid om dit beter te maak.

Filippense 4:13 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Heronderrig

Op Maandag, 15 April het ons reeds met heronderrig (Afr, Eng en Wisk) vir gr. 4 – 7 leerders begin.

Personeelsake

Ons wens juffrou Casandra baie seën, vreugde en liefde toe wat op kraamverlof gaan.

Ons weet dat klein Isak se geboorte 'n ware vreugde vir julle as gesin gaan wees, en dat die spesiale familietyd gevul gaan wees met baie liefde en seën.

Ons verwelkom vir juffrou Jolanda Montgomery wat vir die volgende vier maande sal aflos in die pos, en ons is baie dankbaar vir haar toewyding en verskil wat sy gaan maak by ons wenspan.

Aansoek vir toelating 2025

Ons 2025 aansoek vir toelating open op Maandag, 22 Mei vir nuwe inskrywings dan kan voornemende ouers of huidige ouers hul kind/ers inskryf.

Indien u kind nog nie in Laerskool Secunda/Secoerie kleuterskool is nie en graag by ons wenskool wil aansluit is dit nou u kans!

https://secundalaerskool.co.za/toelaatings/

Skaak

Ons skaakleerders het aan ‘n toernooi by Laerskool Onverwacht deelgeneem. Ons leerders het puik presteer. Sewe skole het aan die toernooi deelgeneem. Die leerders het pragtige plekke behaal:

o.9

1ste - Ockert Olivier
2de - Lian Cronje
3de - Luan Cawood

o.11

1ste - Adrian Fourie
3de - Qwawe Ntamane

o.13

3de - Connor Ritchie

Herregistrasie van huidige gr. RRR – gr. 6 leerders (2025)

Op ‘n latere stadium in die jaar ontvang alle huidige ouers ‘n herregistrasievorm om u kind, wat tans in L/S Secunda/Secoeriekleuterskool is, se plek vir 2025 te verseker.

Landloop

Ons is baie opgewonde oor die landloop-seisoen wat voorlê. Ons landlopers is al hard aan die oefen.

Die afgelope naweek het van ons leerders deelgeneem by Sasolklub aan een van die Mpumalangaklub liga wedlope en puik presteer.

Baie geluk en sterkte vir die seisoen.

Dans

Laerskool Secunda se dansers neem op 19 April teen L/S Kruinpark deel. Die kompetisie vind by Laerskool Secunda plaas.

Baie sterkte aan elke danser. Ons weet dit sal goed gaan.

Rugby

Ons spog graag met die volgende uitslae van die afgelope naweek se rugby te Trichardt.

o.9	-	Wen Trichardt	12 – 0
		Wen Kalie de Haas	41 – 0
o.10	-	Wen Onverwacht	47 – 12
		Wen Trichardt	19 – 7
o.11	-	Wen Kalie de Haas	22 – 0
		Verloor Trichardt	32 – 0
2de span	-	Verloor Trichardt	15 – 0
1ste span	-	Wen Kalie de Haas	28 – 0
		Wen Trichardt	22 – 0

Baie geluk aan die volgende seuns wat deur is na die volgende rondte proewe wat hierdie naweek gaan plaasvind in Ermelo:

- o.12 Brüssow Francke en Dyllan Cordier
- o.13 Franco Roodt en Jason Kitchenbrand

Sterkte aan al ons spanne wat hierdie week die liga afskop teen L/S Standerton!

Fietsry

Op 23 Maart het die fietsryers deelgeneem aan die eerste XCO-wedren in Middelburg. Die volgende maats het podium plekke behaal.

Nipper dogters:

1ste Ninke van Zyl

2de Lily Hattingh

3de Carli Krugell

Sprog dogters:

1ste Leyla de Oliveira

Baie geluk! Baie sterkte aan elke fietsryer wat Saterdag, 20 April, aan die tweede XCO-wedren by Klipspringer in Nelspruit gaan deelneem.

Trap jou hart uit.

Netbal

Die o.10 – o.13 A en B-netbalspanne het Saterdag, 13 April, aan Laerskool Trichardt se netbaldag deelgeneem. Baie geluk met pragtige uitslae:

o.10A - wen 3	o.10B - wen 3
o.11A - wen 2	o.11B - wen 2
o.12A - wen 2	o.12B - wen 2
o.13A - wen 2, 1 gelykop	o.13B - wen 2

Netbal ligawedstryde teen L/S Trichardt van 16 April het baie goed gegaan. Die uitslae is as volg:

o.10A - wen	o.10B - wen
o.11A - wen	o.11B - wen
o.12A - wen	o.12B - wen
o.13A - wen	o.13B - wen

Baie geluk aan Mianei van Heerden, Megan van Huyssteen en Mioné Joubert wat aan die Mpumalanga proewe deelgeneem het. Ons is trots op julle!

Sterkte aan al die o.10 – o.13 A en B-spanne met die liga teen TP Stratten op 25 April (tuis).

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF